# General Notices • Algemene Kennisgewings

## NON-GOVERNMENTAL ORGANIZATION

## GENERAL NOTICE 3833 OF 2026

### ZUID-AFRIKAANSCHE BOER REPUBLIEKE – MEDIAVERKLARING
### KENNISGEWING VAN BOERVOLK STATUSKORREKSIE AAN UNPFII

KENNISGEWING AAN PRINSIPAAL IS KENNISGEWING AAN AGENT
KENNISGEWING AAN AGENT IS KENNISGEWING AAN PRINSIPAAL
ALLE REGTE VOORBEHOU

**Aan**: Die Boervolk, die President van Suid-Afrika, lede van die Suid-Afrikaanse Regering, wêreldleiers, politieke partye, belanghebbende partye, en alle ander betrokkenes: Neem asseblief kennis dat —

Die Tydelike Adviesraad, namens die lewende Boervolk wat gesamentlik verenig is onder die Zuid-Afrikaansche Boervolk (ZAB) en bestuur word deur die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke (ZABR), gee hiermee kennis van ons indiening aan die Verenigde Nasies se Permanente Forum oor Inheemse Sake (UNPFII) op 26 Februarie 2026. Hierdie stap, geneem in vrede en onder leiding van die Almagtige Hemelse Vader, is 'n kennisgewing vir die herstel van rekord aan die UNPFII deur die ZABR.

**Verklaring:** Die Zuid-Afrikaansche Boervolk verklaar hiermee formeel dat die Boervolk 'n inheemse en afgesonderde volk IS, in ooreenstemming met die Verenigde Nasies se Verklaring oor die Regte van Inheemse Volke (UNDRIP, 2007). Hierdie indiening is bloot 'n kennisgewing vir herstel van rekord, waardeur historiese verkeerde klassifikasie, koloniale onderwerping en gedwonge assimilasie reggestel word. Die ZAB verwerp enige onderwerping aan eksterne jurisdiksie en eis haar inherente reg op self-identifikasie, selfbeskikking en kulturele beskerming, sonder om enige regte te benadeel.

**Agtergrond:** Die ZAB se Deklarasie van Onafhanklikheid van "100 Man" (12 Julie 2025) verskaf die kollektiewe mandaat van die Boervolk aan die ZABR, verteenwoordigend vanuit die historiese Boer republieke, terwyl die Boer Verklaring van die ZAB, hierdie beginsels en doelwitte uiteensit.

**Kernpunte:**

1. Die indiening is 'n vreedsame statuskorreksie, nie 'n petisie vir toestemming nie, en verwerp enige voorlegging aan eksterne jurisdiksie. Dit fokus op die Boervolk se inherente reg op self-identifikasie, selfbeskikking en kulturele beskerming, met erkenning van gelyke regte van volke soos deur die VN beklemtoon. Die feite en geskiedenis spreek vir hulself – *No Case to Answer*.
2. Sedert die onwettige Britse anneksasie van die Kaap (1795, 1806), Natal (12 Mei 1843) en uiteindelik die van alle historiese Boer republieke op 31 Mei 1902, is die Boervolk van haar identiteit, eiendom en regte ontneem. Die Verdrag van Vereeniging was 'n gedwonge oorgawe, nie 'n oorwinning nie. Daarna, in 1910, het die Britse Ryk sy kunsmatige entiteit, die Unie van Suid-Afrika, op die Boervolk afgedwing, wat verskeie nasies in een land saamgevoeg het. Die onwettige Britse anneksasie sedert 1795 en geen verdragte of ooreenkomste sedert 1902 word erken nie. Hierdie voorlegging korrigeer historiese onregte en administratiewe onderdrukking, sowel as assimilasie,

integrasie en verdunning met ander groepe. Soos beslis in die Richtersveld-saak (2003), vernietig koloniale (onwettige) anneksasie nie hierdie inheemse volkereg nie – 'n beginsel wat die Boervolk se historiese grondregte ondersteun en die ongeldigheid van alle ooreenkomste ná 1902 bevestig.

3. Die submissie beklemtoon historiese onregte en wandade gepleeg asook hedendaagse marginalisering en bedreigings en doen ‘n beroep vir vreedsame erkenning. Dit beklemtoon ook die feit dat die Boervolk reeds internasionaal as 'n soewereine volk erken is (1841, 1852, 1854), haar erkende administrasie, republieke, posseëls en eie geldeenheid.

4. Die ZABR eis selfbeskikking vir alle historiese Boer republieke kollektief, met 'n teokraties-sosialistiese Grondwet wat gegrond is op die volle Woord van die Almagtige Hemelse Vader. Die ZABR erken dat die Boervolk se unieke identiteit, volkereg en Geloftes, bestaan a.g.v. haar vertroue in Hom as die bron van haar bestaan en kultuur as 'n afgesonderde volk, en nie deur mensgemaakte strukture, instellings of statute nie.

5. Verder meer verklaar die Zuid-Afrikaansche Boervolk dat sy weer vir haar Almagtige Hemelse Vader 'n volk wil wees en daarna streef om terug te keer na Sy wil en waarheid waarvan die volk afgedwaal het. Die Zuid-Afrikaansche Boervolk besef en erken dat haar redding van geen mens, groep, organisasie of regering sal kom nie maar slegs van haar Hemelse Vader alleen. Dus word daar slegs voor Hom gepleit vir haar vryheid, soewereiniteit en selfbeskikking, sonder konflik.

**Oproep:** Ons nooi Boer volksgenote uit om die submissie op ons webwerf te lees en in eenheid u plek in ons Volkshuis op te neem. Die ZABR verwelkom alle volksgenote wat die Almagtige se Woord as die enigste Gesag aanvaar en bydra tot geregtigheid en die Boervolk se vryheid. Vir meer inligting, besoek gerus www.zaboervolk.com of kontak zab@zaboervolk.com. Die Zuid-Afrikaansche Boervolk is bevoeg om haar eie sake self te hanteer.

Geteken op 3 Maart 2026 namens die Boervolk-kollektief deur die Tydelike Adviesraad:



..............................................

/s/ **Wouter** van die familie **van den Heever**

Voorsitter, Tydelike Adviesraad



..............................................

/s/ **Isaac** van die familie **van Heerden**

Sekretaris-Generaal, Tydelike Adviesraad

Hierdie kommunikasie word te goeder trou slegs vir inligting gestuur.
Alle regte voorbehou sonder vooroordeel.